

DIE DOEL VAN GODSDIENSONDERRIG OP SKOOL

Kobus Kotzé

Godsdiensonderrig se plek in die skool word in ons land onvoorwaardelik aanvaar en sy bestaansreg word wetlik gefundeer. Godsdiensonderrig in Suid-Afrika het spesifiek met die Christelike geloof te make. Dit gaan nie hier by ons, soos in sommige ander lande, om 'n algemene "godsdien"-onderrig nie, maar eerder om 'n konkrete aanbieding van die Christelike godsdien en geloof.

In 'n groot mate gaan dit in die Godsdiensonderrig om die bekendmaking van die Bybelse waarhede en om die verkondiging van die evangelie. Die sukses daarvan sal egter afhang van die suksesvolle inwerkingstelling daarvan. Dat daar oor hierdie aspek 'n vraageteken rus, blyk baie duidelik uit die R G N -ondersoek na die onderwys in Suid-Afrika.

Dat die tradisionele Godsdiensonderrig, soos tans in ons skole aangebied, hom in 'n krisis bevind, kan onder andere toegeskryf word aan die feit dat daar 'n al hoe groter mate van disfunksionaliteit tussen teorie en praktyk bestaan. In 'n tyd waarin Bybelkennis, Bybelinsigte en Bybelse waarhede, al hoe meer gesien word as irrelevant en oud-modies, sal daar weer 'n slag indringend gekyk moet word na die vak in die algemeen en spesifiek na die *doel* wat ons met Godsdiensonderrig op skool het. Daar was 'n stadium in die geskiedenis waar die blote besit van kennis, enige kennis, sonder die inagneming van die relevansie daarvan, aan 'n persoon 'n sekere status in die samelewing gegee het. Die geweldige kennisontploffing sedert die Tweede Wêreldoorlog, het die mensdom egter gedwing tot 'n seleksie van inhoud wat geleer kan word. Die vereistes waaraan hierdie inhoud moet voldoen is tweeledig van aard:

- In watter mate kan die inhoud 'n bydrae lewer tot die persoonlikheidsontwikkeling van 'n persoon?
- Wat is die bruikbaarheid van hierdie leerinhoud in die praktyk?

Die vraag kan gevra word of Godsdiensonderrig soos tans in ons skole aangebied enige bydrae lewer tot die bereiking van genoemde doelwitte? Wat is die doel met Godsdiensonderrig überhaupt? Hoe effektief is ons doelwitte met Godsdiensonderrig in die huidige situasie waarin Suid-Afrika hom bevind? Is dit wat ons tans met die Godsdiensonderrig bereik werklik aktueel vir ons huidige situasie, of is ons besig met 'n "futiele oefening" waarin ons die samelewing probeer bluff?

Dit is duidelik dat dit hier nie net gaan om die *doel* alleen nie, maar dat ook ander aspekte daarby ingesluit word soos by *inhoud*,

dit wil sê temas, tekste en probleme wat deur die leerlinge bestudeer moet word. Daarmee saam hang ook die *metode*, want as 'n mens oor 'n teks filosofeer, onderrig hy op 'n ander manier as wanneer hy dieselfde teks wil analiseer. Ten slotte gaan dit ook om die vraag na die *evaluering* of kontrole van die produk, dit wil sê, hoe kan 'n mens vasstel of die doel met die onderrig bereik is?

Dit gaan dus hier om Godsdiensonderrig in sy totaliteit, of anders uitgedruk, om die *konsep*: Godsdiensonderrig. Met sodanige konsep sal streng genome na *alle* aspekte van die Godsdiensonderrig gekyk moet word. Dit gaan m a w om die onderwyser, leerling, ouer, gemeenskap (nasionaal en internasionaal), die kerk, die Bybel, die teologie, ens. Die doel is nie om hier op elke faset afsonderlik in te gaan nie, maar veel eerder om die verhouding waarin elk tot mekaar staan, te ondersoek en uit te lig. Die vraag t o v die Godsdiensonderrig wat heel dikwels gevra word is bv die posisie van die Bybel in hierdie didaktiese gebeure. Moet die Bybel as die sentrale uitgangspunt voorop gestel word, of moet bv alles sentreer rondom die kind. Sodanige aksentuering sal noodwendig 'n mens se konsep aangaande Godsdiensonderrig wesenlik bepaal. Vanuit die literatuur is dit duidelik dat daar oor die hele Westerse wêreld tans geen eenstemmigheid heers oor die doel van Godsdiensonderrig op skool nie, maar eerder 'n Babelse verwarring.

Een van die gevare waaraan enige persoon hom blootstel by die formulering van doelstellings, is dié van kitsformules en naiwiteit. Om dit te probeer voorkom word hier nie 'n aantal doelstellings vir die Godsdiensonderrigkurrikulum geformuleer nie, maar eerder 'n evaluerende oorsig gegee van dit wat in die verband gedoen is en gedoen word. Aan die hand daarvan word dan probeer om enkele riglyne daar te stel met behulp waarvan 'n mens doelstellings vir Godsdiensonderrig kan formuleer. Aspekte waar= op ingegaan word, is:

- 1 Op watter wyse kan die Godsdiensonderrig op skool daartoe hydra om geloof aan die leerling te leer?
- 2 'n Oorsigtelike uiteensetting van 'n paar Bybelonderrigkonsepte:
 - 2.1 Die evangeliese of kerugmatiese Godsdiensonderrigkonsep.
 - 2.2 Die hermeneutiese Bybelonderrigkonsep.
 - 2.3 Die probleemgeoriënteerde Godsdiensonderrigkonsep.
 - 2.4 Die fenomenologiese Godsdiensonderrigkonsep.
- 3 Enkele determinante wat deurslaggewend behoort te wees by die vorming van 'n eie konsep.

In die bespreking hiervan sal blyk dat daar gepoog word om weg te kom van die idee dat ons 'n gegewe hoeveelheid inhoud tot ons beskikking het, en daarom probeer om die doelstellings vir die Godsdiensonderrig dienoreenkomstig aan te pas. Hierdie metode van

doen het dikwels in die verlede tot gevolg gehad dat die meeste tradisionele sillabusse vir Godsdiensonderrig blote materiaal=planne was sonder enige konkretisering en operasionalisering van die leerdoel, sonder enige toereikende opgaaf van moontlike di=daktiese werksvorme en gewoonlik ook sonder enige gekontroleerde begronding van doel en inhoud. As gevolg hiervan neig baie leerplanne in 'n nie-wetenskaplike en apodiktiese rigting. Heel dikwels was die kriteria vir leerstofseleksie in Godsdiensonderrigsillabusse kwantitatief van aard sonder bv die in agneming van die kind se nood en behoeftes.

1 DIE BETROKKENHEID VAN GODSDIENSONDERRIG M B T DIE CHRISTELIKE GELOOF.

Die vraag is wat in die Godsdiensonderrigklasse aan die kinders geleer moet word. Kan 'n mens daarop antwoord dat Christenwees een van die doelwitte kan wees wat geleer moet word? Of dat geloof as sodanig geleer moet word? Baie sal dadelik sê dat geloof 'n persoonlike aangeleentheid is en dat dit nie 'n opgawe van 'n onderrigvak, op skool kan wees nie. (Die teenvraag kan dan egter ook gevra word nl hoe kom die enkeling tot geloofsaanvaarding?) Kan die voorbereiding tot geloofsvoltrekking as 'n leerproses verstaan word? Het die Godsdiensonderrig op skool iets met hierdie proses te make? Indien wel, op watter wyse?

Soos reeds genoem bestaan Godsdiensonderrig in ons land hoofsaaklik indien nie geheel en al uit 'n onderrig in die Christelike leer, aangesien dit die dominante godsdiens in ons land is en as integrale deel in die Suid-Afrikaanse kultuur ingevleg is. Juis hierom sal 'n studie van die Bybelse feite waardeur die kind tot kennis van die Bybel as getuie aangaande God kan kom 'n plek in die Godsdiensonderrigsillabusse moet inneem. Die doel met hierdie inhoud kan egter nie wees om die kinders te wil "bekeer" tot die Christelike geloof nie. Dit sou 'n eiegeregtige poging tot ingryping in die geheimeleise van die individu wees, waaraan geen opvoeder hom skuldig mag maak nie. Die vraag kan gevra word of geloof hoegenaamd die resultaat kan wees van 'n didaktiese leerproses, wat mens kan beplan, metodies kan aanpak en kan kontroleer? Is geloof leerbaar? Is dit nie 'n geskenk van God wat 'n mens bloot maar dankbaar kan aanvaar, en waaroor 'n mens nie self kan beskik nie? Is geloof nie iets so innerlik dat dit nie aankondigbaar is nie? Kan dit dus die taak van die opvoeder wees om kinders tot geloof te lei? Bly dit nie die taak van die Heilige Gees om die kind tot geloof te bring nie? Of die kind tot bewuste geloof in Christus sal kom is iets wat die Godsdiensonderrigonderwyser nie kan bepaal nie en ook iets waarmee hy hom nie mag bemoei nie, maar moet dit veel eerder gesien word as die taak van die ouers en van die kerk.

Daar moet egter gelet word op die verskil wat daar bestaan tussen

die bekering tot 'n spesifieke geloof en die aanleer van 'n sensitiiewe ingesteldheid en 'n positiewe gesindheid t o v godsdiens. Op lg vlak lê die taak van Godsdiensonderrig.

2 BYBELONDERRIGKONSEPTE

2.1 Die evangeliese of kerugmatiese Godsdiensonderrigkonsep

Die hantering van die vak Godsdiensonderrig kan volgens hierdie denkskool gewoonlik deur die volgende aksentueringe gekarakteriseer word:

- Die leerlinge is gedoopte kerklidmate;
- Die onderwyser getuig van en verkondig die evangelie;
- Deur die evangelieverkondiging moet die kind gelei word tot geloofsbeslissing en tot 'n lewendige kerklidmaatskap;
- Die hantering van Bybelse tekste, die geskiedenis van die kerk, sang en gebede speel 'n groot rol. Die vraag kan gevra word of dit die taak van die skool is en of dit nie eerder die taak van 'n spesifieke kerk behoort te wees nie. Is dit die taak van die skool om kinders te lei tot lewendige lidmate van die kerk? Oorskry die Godsdiensonderrigonderwyser nie vanuit 'n didakties-pedagogiese sowel as vanuit die kerklike perspektief sy grense, indien hy van die kind verwag om sy subjektiewe Christelike norme onvoorwaardelik oor te neem nie? Is daar nie 'n verskil tussen Bybelverkondiging en Bybelonderrig nie? Indien jy die Bybelboodskap wil verkondig, beweeg jy dan nie op die terrein van die predikant nie? Die predikant is opgelei in 'n sekere kerkleer wat in sy bediening as belangrik geag word en wat hy uitleef en verkondig in sy roeping. In sy metode van verkondiging, tree die predikant vurig en soms kragdadig op, in die geloof en hoop om sy hoorders te oortuig van die dringendheid van sy boodskap sodat hulle ook daarby betrokke kan raak. Deur middel van oortuiging en entoesiasme probeer hy die mense oortuig van sy boodskap.

Volgens hierdie visie sal die grense tussen kerk en skool redelik in mekaar vloei. Die skool word dan binne die sirkel van die kerk getrek. Die onderwyser vervul die rol van die dienaar van Gods Woord. Die gebed en sang vervul gewoonlik 'n sterk funksie en dikwels word ook nog die motief van apostolaat en evangelisasie bygetrek.

In die kerkdienste word gedurig gepoog om buitestaanders te soek en nader te trek na die gemeenskap van die heiliges. In die skole groei die getal kinders vanuit nie-Christelike en sektariese huise jaarliks en volgens hierdie denkskool rus daar nou 'n baie duidelike apostolêre taak op die skouers van die onderwyser wat in sy aanbieding primêr daarop moet let om dié kinders Christus

te laat ontmoet; die onderwyser is dus sendeling! Sodoende word die skool feitlik geheel en al deur die kerk geabsorbeer.

Gert Otto in sy werk *Schule, Religionsunterricht, Kirche* is hierteenoor van mening dat "daar in dié onderrig wat met kerugmatiese tekste te make het, verkondiging kan plaasvind. Maar baie presies moet onderskei word tussen verkondiging as *opdrag* en as *gebeure* Dus kan ons niks anders sê nie as: verkondiging kan te enige tyd midde-in die arbeidsituasie van die normale onderrig ervaar word, maar van verkondiging as aktiwiteit en opdrag, kan daar geen sprake wees nie." (Otto, 1964, 107-108, eie vertaling).

Ook Martin Stallmann verwerp die verkondigingskarakter van die Bybelonderrig in die skool en vind met sy uitspraak in die werk *Die biblische Geschichte im Unterricht* (1963) aansluiting by Karl Barth as laasgenoemde sê: "Dus kan ook die kerklike jeug= onderrig as sodanig nie verkondiging wil wees nie Jeug= onderrig as sodanig moet beleer en nie bekeer, nie iemand 'in die moment van beslissing' stel en in daardie sin verkondiging wees nie." (Barth, *Kirchliche Dogmatik*, I/1, 51 - eie vertaling).

2.2 Hermeneutiese Bybelonderrigkonsep

Hierdie denkskool se doel met Godsdiensonderrig is uitsluitlik daarop gemik om die Bybel vir die kind verstaanbaar te maak.

Die hermeneutiese Godsdiensonderrigdenkskool plaas die Bybel in die sentrum en as sodanig onderskei hy hom nie van die kerugmatiese Godsdiensonderrig nie. Die inleiding tot die verstaan van die Bybel word as belangrike vertrekpunt gesien en daarom kan daar volgens hulle met groot vrug gebruik gemaak word van die resultate van die teologiese ondersoeke.

Die hermeneutiese Godsdiensonderrigaanhangers dui 'n duidelike verskil aan tussen die "*didaktiese omgang*" met die Bybel en die "*verkondigende omgang*" met die Bybel.

Volgens hulle is *verkondigende omgang* met die Bybel die taak van die kerk wat spesifiek daarop gemik is om die evangelie in die hede werkzaam te maak, deurdat die hoorder dit as Gods woord ontvang. *Onderrig* daarenteen het volgens hulle met uitleg te doen. Aangesien dit egter kerugmatiese tekste is, is dit te verstane dat hierdie uitleggende onderrig tot verkondiging *kan* lei, maar dit kan nie as doel voorop gestel word nie.

Die grootste kritiek teen hierdie denkskool is die sentraalstelling van die Bybel.

Standpunte teen die sentraalstelling van die Bybel.

Kaufmann skryf in sy boek *Streit um den problemorientierte Unterricht* (1973), dat een van die redes vir die krisis waarin die Godsdiensonderrig hom bevind, juis die sentraalstelling van die Bybel is. Die uitsluitlike behandeling van tekste is vir die leerlinge wêreldvreemd. Bo en behalwe hierdie didaktiese begroning van die kritiek is daar ook nog die feit dat 'n Bybelgeoriënteerde Godsdiensonderrigmetode 'n teologiese verstaan van die Bybel ten grondslag het. Dit impliseer m a w 'n gron= dige teologiese kennis aan die kant van die onderwyser en aange= sien baie min hierdie kennis het, val hulle gewoonlik terug op die tradisionele interpretasies wat in baie gevalle wêreldvreemd is en nie altyd rekening hou met die veranderende omstandighede nie.

Indien die Bybel nie as uitgangspunt kan dien nie, wat dan?

Kaufmann noem vier moontlike kriteria waaraan Godsdiensonderrig behoort te voldoen, nl

- i Dit moet rekening hou met die behoeftes, belangstelling en perspektiewe van die kind.
- ii Dit moet rekening hou met die sosio-kulturele vooronder= stelling en met die eise en konflikte van die gemeenskap.
- iii Dit moet rekening hou met die tradisies.
- iv Ten slotte moet die onderwyser en die kind inspraak hê in die keuse van die inhoud na aanleiding van die doel wat daargestel is.

Wat die doel van die opvoeding betref, moet dit sy eie kultuur kan interpreteer in terme van die breë wêreldkultuur en moet dit tweedens handelingsbekwaamheid ten opsigte van spesifieke pro= bleemsituasies kan openbaar. Die inhoud van die Godsdiensonder= rig-sillabus kan nie maar net bloot gekoppel word aan dié van die tradisionele kerk of aan die betekenis van die Bybel vanuit 'n dogmaties-teologiese sisteem, met die oog daarop om dit te reg= verdig nie.

Ten opsigte van die hantering van die Bybel in die Godsdiensonder= rigklasse sal daar meer gesê word in die uiteensetting van die volgende metode.

2.3 Probleemgeoriënteerde Godsdiensonderrig

Volgens hierdie denkskool word die Bybelse tekste nie as uitsluit= like inhoud van die Godsdiensonderrig gesien nie. Hulle redeneer dat die Bybeltekste twee tot drie duisend jaar gelede tot stand gekom het en geskryf is in die taal, styl en idioom van daardie tyd. Sekerlik is daar mense wat vandag nog regstreeks deur die

Bybeltekste aangespreek word, maar dan gaan dit gewoonlik gepaard met 'n kontinue hoor van die Woord en verstaanshulp deur prediking, Bybelse gesprek en eksegeese.

Wanneer 'n kind uit 'n ouerhuis kom waar al hierdie dinge nie plaasvind nie, (en in vandag se lewe gebeur dit al hoe meer) is hierdie tekste vir hom wêreldvreemd en hulle betekenis nie sonder meer duidelik vir die kind nie. Hierdie tekste onderskei hulle na uitdrukking sowel as na inhoud van die daaglikse omgangstaal. (Was dit nie ook die probleem met die oorspronklike Hebreeuse vertaling van die Jode nie?) Vergelyk bv die skryfstyl in vandag se massamedia sowel as die van die algemene omgangstaal met dié van die Bybel.

Selfs as van die veronderstelling uitgegaan word dat dit in die Godsdiensoonderrig wesenlik om die Christelike geloof gaan, mag die gebruik van Bybeltekste nie dominerend wees nie! Christelike geloof wil vandag *uitgelewe* (beleef) word en daar kan nie veronderstel word dat die spesifieke situasies en probleme van vandag só in hierdie ou tekste opgesluit lê dat dit sondermeer die kind van vandag aanspreek nie. Indien die geloof as teenswoordige opgawe en as moontlikheid verstaan moet word, dan moet teenswoordige probleme uitdruklik in die onderrigssituasie bygebring word. Om Christen te wees beteken beslis nie net die lees en interpretasie van antieke tekste nie. Primêr gaan dit dus vir hierdie denkskool nie om vrae van "eens op 'n tyd" nie, maar om die vrae van vandag! (Don't teach the Bible, but teach from the Bible!!)

Dat dit in die Christelike geloof om Jesus Christus gaan, word egter nie betwyfel nie. Juis daarom is die Bybel ook vir hierdie denkskool die kanon, d w s die maatstaf, meetsnoer, rig-snoer en norm.

Die antwoorde op teenswoordige vrae (probleme) word dan ook nie vanuit die teenswoordige wêreld gesoek nie, maar vanuit die Bybel. Christelike geloof is tradisie-georiënteerd en daarom vervul die oorleweringe van Jesus Christus inderwaarheid 'n normatiewe funksie en het dus 'n normatiewe karakter. Daarom vervul die Bybelse tekste wel 'n funksie. Maar dit is beslis nie die funksie van 'n papegaai-agtige memorisering van tekste nie. Veel eerder handel dit daaroor hoe hierdie tekste op vandag se probleme van toepassing gemaak kan word. Dit moet in die Godsdiensoonderrig gaan om 'n dialoog tussen teenswoordige probleme en die Bybelse inhoud. Daarbenewens is dit didakties van waarde as dit in die Godsdiensoonderrig nie hoofsaaklik om idees gaan wat teoreties abstrak voorgedra word nie, maar om die geloofservaring waarin die teenswoordige grondvrae van die mens weerspieël word.

Wanneer Kaufmann argumenteer dat ons vandag 'n algemene tradisie-

verskraling belewe, het hy dit reg. Tradisie *sonder meer* geld nie meer as 'n vanselfsprekende outoriteit nie. Die waarde en betekenis van die tradisie vir vandag word nie sonder meer verstaan nie. Dit beteken egter nie dat mense nou tradisieloos bestaan en wil lewe nie. Inteendeel, die oriëntering t o v die hede berus nog altyd op die verlede, maar as hierdie tradisie nie vanselfsprekend tot ons spreek nie, dan is die gevolg daarvan dat daar na relevante oorlewerings gesoek word wat as oriënteringspotensiaal t o v die hede benut kan word. Hierdie funksie ver- rig die Bybel. Maar dan só dat vrae aan die Bybel gestel word en nie vanuit die Bybel nie. Dit blyk duidelik dat die probleem= georiënteerde denkskool volkome vanuit die hede wil uitgaan.

'n Laaste Bybelonderrigkonsep waaraan oorsigtelik aandag geskenk wil word, is die "Fenomenologiese Godsdiensbenadering".

2.4 Die onderrig van "Godsdiens"

'n Ander benadering tot die Godsdiensonderrig is die denkskool wat "godsdiens" aan die kinders wil onderrig. Dit is ook bekend as die "fenomenologiese godsdiensbenadering".

By hierdie skool vorm die Christelike geloof nie noodwendig die sentrale uitgangspunt nie. Die Christelike godsdiens is meesal bloot maar een van die fenomene wat behandel word in die konsep "godsdiens".

Edwin Cox definieer hierdie benadering as "making children intelligent about religion in whatever form they meet it." (*Scripture Bulletin*, Vol IV, 4, 76).

Hierdie benadering is 'n navolging van Ninian Smart se ses dimensionele benadering t o v godsdiens waarin dit geanaliseer word in terme van die doktrinele, mitiese, etiese, rituele, ervaringsge- rigte en sosiale dimensies. In dié lig gesien is die taak van die Godsdiensonderrig tweeledig van aard, nl

- a 'n Objektiewe bestudering van die tradisionele wêreld= godsdiens en die kontemporêre ideologië en stelsels wat aansluiting vind by die bestaande godsdiens sowel as dié wat bestaande godsdiens oponeer, bv die Marxisme, ens.
- b 'n Fokus op die mees algemene vraagstukke van die godsdiens soos bv die sinvolheid van die lewe, ens. In dié lig gesien sê James Thrower dan dat "*one does not teach any ONE belief, but teaches about beliefs*" (Thrower, 1977, 9).

As voorveronderstelling vir hierdie teorie geld die pluralistiese

samestelling van ons samelewing. In ons grondwet word nie net erkenning verleen aan die Christelike geloof nie, maar word ook voorsiening gemaak vir geloofs- en gewetensvryheid. In ons land word verskeie wêreldbeskoulike ideologië gehuldig en die fenomenologiese benadering wil daaraan reg laat geskied. Die staatskool huisves alle denominasies. Die uitgangspunt is dus om in gesprek met almal te tree en om nie een spesifieke geloof te bevoordeel en uit te sonder nie. Hier is belangrik dat dit ook nie net gaan om ons eie pluralistiese gemeenskap nie, maar ook om die verskeidenheid van denke internasionaal. Ons moet kinders opvoed om met almal in gesprek te kan tree.

Benewens die pluralistiese argument is daar ook nog die siening dat daar by die jeug van vandag 'n oorwegend sterk behoefte aan godsdiens bestaan. Die godsdienstige vrae en soeke van die jeug het egter begin om uit die christelike geloof te emigreer. Hulle rig hul op vrae soos bv "die sin van die lewe", die "altydgeldende" en die "onvoorwaardelike". Hierdie vrae word dan aangewys as die sogenaamde "religieuse".

Religie word hier verstaan as die "*Wirkungseinheit letzter Wertungen und Sinngebungen*" (Bochinger, 1979, 57) (toespitsing van die "laaste" waardes en singewinge). Elke mens vra vrae oor aangeleenthede soos "heil en onheil", "dood en lewe", en sonder enige vorm van 'n religieuse voorstelling oor die aangeleenthede is die mens net nie denkbaar nie. As sodanig is die mens dus na sy wese 'n religieuse wese. So 'n siening baseer hierdie Godsdiensonderrig-didaktici op die teologiese denkstruktuur van Paul Tillich volgens wie religie dit is, wat die mens "*unbedingt angeht*" (onbeperk raak).

Grondliggend gaan dit in hierdie benaderingswyse om 'n antropologiese gebeure. As gebeure as sodanig dra hulle hul eie gewig en raak nie eers sinvol a g v die koppeling met die Christelike teologie nie, en daarom moet die Godsdiensonderrig losgemaak word van die kerklike leer. Godsdiensonderrig moet as interdisziplinêre proses verstaan word waaraan verskeie ander wetenskappe ook deel sal hê (bv sosiologie, psigologie, filosofie, Godsdienswetenskap, opvoedkunde, ens.)

Die doel van sodanige Godsdiensonderrig is dus om die neutraliteit daarvan bo enige verdenking te plaas. Die taak van die onderwyser in sodanige aanpak word deur Grimmer as volg beskryf: "*If the teacher could adopt the attitude of a shopkeeper with wares in his window for customers to examine, appreciate and even "try on" but not feel under any obligation to buy, then many of the educational problems connected with religious education would disappear*" (Grimmer, 1973, 26) of soos wat dit in *The Fourth R* gestel word: "*To press for acceptance of a particular faith or*

belief system is the duty and privilege of the churches and other similarly religious bodies. It is certainly not the task of a teacher in a county school. If the teacher is to press for any conversion it is conversion from a shallow and unreflecting attitude to life. If he is to press for commitment, it is commitment to the religious quest, to that search for meaning, purpose, and value which is open to all men" (The Fourth R, 1970, afdeling 217, 103v).

Tussen die voorafgenoemde meer konvensionele benaderings van Godsdiensonderrig en hierdie meer fenomenologiese benadering, bestaan baie duidelik 'n hele aantal verskille, waarvan die opvatting oor die posisie van die Bybel in die Godsdiensonderrig sekerlik een van die belangrikstes is. Alhoewel nie een benadering die Bybel heeltemal wil elimineer nie, kan die vraag tog gevra word watter gewig die gebruik van die Bybel dra en binne watter konteks die Bybel verstaan moet word. Van die kant van die meer konvensionele benaderings sal die Bybel aangebied word as 'n soort outoriteit in die geloof en optredes van die mens. Vanuit die fenomenologiese standpunt gesien sal die Bybel gehanteer word as één van 'n hele aantal heilige geskrifte. Die doel van die fenomenologiese benadering is dus om die Bybelse waarhede so objektief as moontlik deur te gee.

Dat die fenomenologiese benadering van Godsdiensonderrig sekere positiewe bydraes te lewer het, is sekerlik nie te betwyfel nie. Die volgende aspekte verdien in dié verband spesiale aksentuering:

- Die heterogeniteit van ons bevolking bring mee dat alle leerlinge in ons skole beslis nie vanuit 'n Christelik-georiënteerde huis kom nie.
- Die ope gesprek waartoe ons in die Godsdiensonderrig behoort te kom, is van fundamentele betekenis en behoort so vroeg moontlik aandag te geniet.
- Daar behoort in die godsdiensonderrigklas genoeg ruimte gebied te word vir die leerlinge om met hulle vrae en probleme vorendag te kom en te bespreek, al het dit nie spesifiek met geloofsaspekte te make nie.

Aan sodanige eise behoort voldoen te word, alhoewel dit nie noodwendig op dieselfde wyse as dié van die fenomenologiese benaderingswyse gehanteer hoef te word nie.

Spesifieke probleme wat t o v sodanige fenomenologiese behaderingswyse geopper kan word, is die volgende:

- Hoe sal sodanige Godsdiensonderrigonderwyser daar moet uitsien? Is dit moontlik vir die Godsdiensonderrigonderwyser om 'n kenner te wees op die gebied van Judaïsme, Christendom, Boeddhisme, Hinduïsme, Islam, wêreld=

beskouinge, opvoedkunde, didaktiek, ens? Boehinger vra die vraag: "Kan daaruit iets anders na vore kom as 'n dilletantisme op alle gebiede?" (Boehinger, 1979, 59 - eie vertaling).

- Ook t o v die leerlinge is daar sekere vraagtekens aan te bring. Het die pluralistiese aanbiedinge nie tot gevolg dat die kind hom uiteindelik nêrens tuis vind nie?
- Watter reg het die Godsdiensonderrig om antwoorde op alle lewensvrae outoritêr vir homself toe te eien? Kan die Godsdiensonderrig se taak nie bloot maar net 'n bydrae wees tot die beantwoording van hierdie vrae nie?
- Is dit werklik korrek om die mens per definisie as 'n religieuse wese te bestempel? Word die sogenaamde afgeswore dogmatisme nie nou maar weer net op 'n slinkse manier bygetrek nie?
- Is dit werklik sinvol om slegs oor hierdie godsdienste te teoretiseer sonder om dit waarlik uit te leef? Loop hierdie oriënteringsinleiding tot die verskillende godsdienste nie die gevaar om te verval in 'n abstrakte ideologie wat nie verkonkretiseer kan word nie?
- Die oorkoepelende vraag wat in elke skoolvak aandag behoort te geniet is die vraag na die sin van menswees. Indien die godsdiensonderrig nie hierop antwoord kan gee nie, dan het die tyd aangebreek dat dit geskrap moet word uit die skoolkurrikulum.
- Of dit enigsins moontlik is om enige vak absoluut objektief aan te bied, is te betwyfel. *"It is often insinuated that unless the teacher can be value-free he will impair the objectivity of his research and unduly impose upon his student. But no one is value-free. No one could be. Indeed no one should be if he is to preside over the wonder and inquiry of young minds"* (David Easton, 1974, 112).

3 ENKELE DETERMINANTE WAT DEURSLAGGEWEND BEHOORT TE WEES IN DIE VORMING VAN 'N EIE GODSDIENSONDERRIGKONSEP

3.1 Die kind

Die probleemgeoriënteerde Godsdiensonderrigbenadering plaas die kind baie prominent in die sentrum. Mens kan praat van 'n "leerling-georiënteerde Godsdiensonderrig". By alle ander Godsdiensonderrigkonsepte was dit egter ook duidelik dat die vraag na die kind een van die wesenlike determinante behoort te wees. Enige onderrig wat die kind uit die oog verloor is onvraagbaar. Die kind moet veral verstaan word in samehang met die invloed wat uitgaan vanaf die ouerhuis sowel as die gemeenskap waarin hy hom bevind en dit sal deur die Godsdiensonderrigonderwyser in ag ge-

neem moet word.

In die godsdiensonderrig kan egter nie net hierby vasgesteek word nie. Die kind sal ook nog iets moet *leer*, want onderrig het met leer te doen. T o v hierdie leerproses sal die Godsdiensonderrigsillabus rekening moet hou met die kind en met die doel, d w s met dit wat bereik wil word en ook met die wyses waarop hierdie doel bereik gaan word.

3.2 Die skool

Die hermeneutiese skool van denke bemoei hulle met die vraag na die skool en die rol wat die skool veronderstel is om in die Godsdiensonderrig te speel.

Hulle argumenteer dat die aanbieding van Godsdiensonderrig op skool nie net begrond kan word vanuit die kerk en teologie nie. Die aanbieding op skool hang in die eerste instansie saam met die vraag na die taak van die skool in sy geheel. Primêr vind daar in die skool beplande onderrig plaas, daarom is skoolse Godsdiensonderrig nie dieselfde as kerklike godsdiensonderrig, of as dié van 'n vrywillige godsdienstige jeugorganisasie nie. Godsdiensonderrig op skool is baie meer afhanklik van 'n leerplan wat kontinuiteit in die hand moet werk en 'n willekeurige hantering van leerinhoud moet verhoed. Die inhoud en doel, sowel as die media word in die skool voorgeskryf. Dit is egter ook waar dat die leerplan slegs 'n breë raamwerk daarstel en dat die onderwyser tog 'n mate van vryheid het om dit self in te klee in die konkrete deurvoering daarvan.

Die skoolse onderig moet verder gesien word as 'n deelname aan 'n gesamentlike opvoedingsopdrag, wat nie in isolasie uitgevoer kan word nie, maar wel in samewerking met verskeie ander instansies soos bv die kerk, die ouers, ens.

3.3 Die kerk

Evangeliese onderrig en kerugmaverkondiging is sentraal aan die opgawe van die kerk. Lewendige lidmaatskap aan die kerk word as doel voorop gestel.

Vir baie lank is Godsdiensonderrig op skool gesien as "kerk in die skool". Tans verskyn daar egter al hoe meer ander determinante teenoor hierdie enge siening van Godsdiensonderrig op die horison.

Inhoudelik gaan dit in ons skole uitsluitlik om die oordra van die Christelike geloofswaarhede, en het die gevestigde kerke uit die aard van die saak 'n groot inspraak in dit wat in die Godsdiensonderrigklasse gedoen word. Dié kerke het tans die leeu-aandeel in die opstelling van die Godsdiensonderrigsillabusse sowel as die

daarstelling van die voorgeskrewe handboeke en in sommige gevalle ook nog wat die opleiding van die onderwysers betref.

Soos blyk uit die R G N-ondersoek na die onderwys in Suid-Afrika is dit egter duidelik dat daar ander denominasies is wat al sterker na vore begin tree en dat daar baie spoedig met hierdie groepe dialoog gevoer sal moet word. "Die kerk" is daarom nie meer 'n eenduidige begrip nie.

3.4 Die Bybel

Uit voorafgaande blyk dit deurgaans duidelik te wees dat die Bybel by alle benaderingswyses 'n definitiewe rol te speel het, en as sodanig ook as een van die belangrike determinante moet geld. Die probleem is egter soos reeds genoem, die gewig wat die Bybel in die Bybelonderrigklasse moet dra asook die konteks waarbinne die Bybel verstaan moet word.

Sommige sal heel moontlik nie hierdie probleem wil erken nie en bloot argumenteer dat "die Bybel die Woord van God is en as sodanig die enigste reël en rigsgaander vir die lewe is"; dus 'n onfeilbare dokument. Selfs al aanvaar ons hierdie siening as die algemene gesindheid ten opsigte van die Bybel, is daar nogtans geen duidelike riglyne in die praktiese hantering van die Bybel nie. Davidson wys daarop dat die geskiedenis sedert die Reformasie dit baie duidelik maak dat "the more people insist upon the Bible as the Word of God, the more indeed they stress its infallibility, the more likely they are to disagree about its precise meaning and the way in which it is intended to shape our conduct; and the more likely they are to insist that those who disagree from them as to its precise meaning are misinterpreting it" (Davidson, 1979, 8).

In ons hantering van die Bybelse materiaal sal ons moet besin oor moontlikhede om te kan aansluit by die kind en sy ervaring van die werklikheid. Goldman sê bv dat "life is not used to illustrate Biblical truths, but the Bible is used to illustrate life's experience" (Goldman, 1965, 76).

Kinders moet bewus gemaak word van sekere karakteristieke eienskappe van die religieuse taal van die Bybel en hulle moet opgevoed word in die gebruik van hierdie taal (bv simboliek).

Michael Grimmit sê dat een van sy doelwitte met Bybelonderrig is om kinders in te lei in die basiese beginsels van Bybelnavorsing en 'n kritiese ingesteldheid t o v hulle bevindinge (Grimmit, 1973, 205). Hierteen kan natuurlik besware ingebring word maar interessant is om te let op wat G A Smith in die begin van die 20e eeu alreeds gesê het: "Anyone who has had practical dealings with the doubt and religious bewilderment of his day can testify that those who have been led into unbelief by modern criticism

are not for one moment to be compared in number with those who have fallen from faith over the edge of the opposite extreme" (Smith, 1901, 25-26).

Ten slotte 'n aanhaling van Basil Mitchell in sy *Hydrae* oor "Indoctrination" in *The Fourth R*: "The liberal wants to make sure that we produce rebels; the authoritarian that we do not produce rebels. The sensible educator is concerned to produce good rebels" (Mitchell, 1970, 358).

BIBLIOGRAFIE

- Barth, K, *Kirchliche Dogmatik*, Band I/1, 1975⁹
- Bochinger, E, en Paul, E, *Einführung in die Religionspädagogik*, 1979
- Cox, E, *Scripture Bulletin*, Vol IV, 4, 1974
- Cox, E, *Changing Aims in Religious Education*, 1966
- Davidson, R, *The Bible in Religious Education*, 1979
- Easton, D, *Functions of faith in Academic Life*, 1974
- Grimmit, M, *What can I do in Religious Education*, 1973
- Goldman, R, *Readiness for Religion*, 1965
- Goldman, R, *Religious Thinking from Childhood to Adolescence*, 1964
- Mitchell, G, *The Fourth R*, 1970
- Otto, G, *Schule, Religionsunterricht, Kirche*, 1964
- Smart, N, *New Movements in Religious Education*, 1975
- Smith, G A, *Modern Criticism and the Preaching of the Old Testament*, 1901
- Stallmann, M, *Die biblische Geschichte im Unterricht*, 1963
- Thrower, J, *Common Ground*, 1977.